Die ontwikkeling van baba se magie

Marwyn Sowden (Geregistreerde dieetkundige)

Kan 'n mens glo dat die maag van die baba begin al ontwikkel teen ongeveer die 4de week na bevrugting? Teen die 6de week na bevrugting is die basiese struktuur van baba se magie al gevorm. Teen dié tyd verleng die dunderm en die eerste deel van die dikderm ook teen 'n vinnige spoed. Teen die 12de week na bevrugting is die dunderm en die dikderm van baba in presies dieselfde posisies geleë as 'n volwassene sin. Teen ongeveer 20 weke na bevrugting is die voorkoms van die maag vergelykbaar met dié van 'n term baba.

Die ontwikkeling van suig en sluk in baba:

Het jy geweet dat baba al in mamma begin sluk? Vanaf die 12 - 16de week na bevrugting kom die eerste tekens van sluk al voor. Aan die begin sluk die ontwikkelende fetus tussen 2 en 7 ml amniotiese vloeistof per dag, maar dit verhoog tot tussen 300 en 700 ml per dag in die term baba. Teen 34 weke gestasie is die koördinasie tussen suig en sluk van baba egter eers ten volle ontwikkel om normal voeding (hetsy borsvoeding of formulevoeding) toe te laat. Indien baba dus vroeg gebore word, is dit noodsaaklik dat mediese personeel vir baba help voed deur middel van 'n klein buisie. Teen 25 weke na bevrugting kan baba se dun- en dikderm 'n klein hoeveelheid voedingstowwe laat voortbeweeg, maar die proses is eers teen 30 weke ten volle ontwikkel.

Premji SS. 1998. Ontogeny of the Gastrointestinal System and its impact on Feeding the Premature Infant. Neonatal Network. 17(2); 17-24.

www.babygym.co.za